DIE NEGENDE GEBOD

Jy mag nie VALS GETUIENIS teen 'n ander gee nie

—deur Peter Hammond

God is Waarheid. Jesus Christus is die Weg, die Waarheid en die Lewe. God se Woord is Waarheid. *"…julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak."* Joh. 8:32.

Augustinus het dié kennisgewing op sy lessenaar gehad: "Enigiemand wat hierdie kantoor binnekom om sy broer te beskuldig, sal hier uitbegelei word." Augustinus het erns met die Negende Gebod gemaak.

Die grootste onreg

Johannes Calvyn, die groot hervormer, het gesê: "Daar is geen groter onreg wat mense aangedoen kan word, as om hulle reputasie te skend nie."

Christene oortree dikwels die Negende Gebod sonder om dit te besef – omdat hulle so gewoond daaraan geraak het om die waarheid op te tower…

Soos Mark Twain tereg opgemerk het: "'n Leuen kan al halfpad om die aarde wees, terwyl die waarheid nog sy skoene aantrek!" En dit was vóór e-pos en die internet. Nou trek 'n leuen baie vinniger en verder as ooit tevore.

"Die tong is ook 'n vuur, 'n wêreld vol ongeregtigheid, dié deel van die liggaam wat die hele mens besmet. Dit steek die hele lewe aan die brand…en word…uit die hel aan die brand gesteek." Jak 3:6.

Skinder en kwaadpraat

Ons het ons almal al een of ander tyd aan skinder skuldig gemaak en dit is 'n sonde. Vir God is dit 'n ernstige saak. Die Bybel stel dit só: *"…wie skinderstories versprei, is 'n dwaas…"* Spr 10:18. Die opdrag is duidelik: *"Moenie van mekaar kwaad praat nie, broers…"* Jak 4:11.

Hoogmoed en kwaadwilligheid

Die skinderbedryf word dikwels deur hoogmoed aangedryf. Dit is die behoefte om mense wat beter as ons is, in 'n slegte lig te stel, om so onsself te verhoog deur ander af te trek. *"Hou dan op met elke vorm van kwaad, met alle bedrog, huigelary, jaloesie en kwaadpratery."* 1 Pet 2:1. Kwaadpratery is onlosmaaklik aan kwaadwilligheid, bedrog, valsheid en jaloesie gekoppel.

Die Bybel waarsku ons teen mense wat *"leer…om hulle tyd te verkwis deur net van een huis na die ander rond te kuier. Hulle is nie net ledig nie, maar ook bemoeisiek en praatsiek, en hulle praat oor dinge waaroor nie gepraat moet word nie."* 1 Tim 5:13.

Karaktermoordenaars

Die Here se Wet is duidelik: *"Jy mag nie loop en skinder nie, jy mag nie jou medemens se lewe in gevaar stel nie. Ek is die Here."* Lev 19:16.

Skinder kan 'n ander mens se lewe in gevaar stel. *"'n Knopkierie, 'n swaard, 'n skerp pyl, so is 'n man wat vals teen sy naaste getuig."* Spr 25:18.

'n Paar jaar gelede het ons gesien hoe onvergenoegde uitgetrede lede van 'n uitmuntende sending in Afrika 'n verbete veldtog van haat en kwaadstokery geloods het. Webtuistes is geskep om die sending te beskinder, en elke denkbare wraaksugtige verguising is ingespan teen hierdie uitnemende Christelike gemeenskap.

Sondige laster

Ek was heeltemal verstom deur die volgehoue, obsessiewe en afbrekende kwaadwilligheid van die kwaadstokers. 'Sending van haat'; 'Sending van vrees'; 'Ek het uit die Sending van die hel ontsnap!' – het opskrifte van koerante en tydskrifte dit uitbasuin.

Ek het ook ontdek dat baie oorsese bedienings die slagoffers geword het van soortgelyke patologiese teenpartye.

Soos dr. James Kennedy in 'Delighting God' skryf: "As jy net 'n bietjie bokant die gewone kudde uitstyg, as jy 'n greintjie meer sukses as jou naaste behaal, sal die pyle van kritiek verseker na jou geskiet word…" Kennedy haal 'n ou wysgeer aan: "As ek al die kritiek teen my moes lees, wat nog te beantwoord, saam met al die aanvalle teen my, sal hierdie kantoor vir sake moet sluit. Ek verrig alles so goed ek kan, na die beste van my vermoë, en ek is van voornemens om so voort te gaan – tot die einde toe. As ek dan op die ou end verkeerd bewys word – sal tien engele wat getuig dat ek reg was, geen verskil maak nie. As ek op laas reg bewys word, sal alles wat nou teen my gesê word, in elk geval niks beteken nie."

Spurgeon se raad

Die grootste Baptiste prediker van alle tye, C.H. Spurgeon, het gewaarsku: "Moet die helfte van wat jy hoor, nie glo nie; moenie die helfte wat jy glo, herhaal nie. As jy 'n kwade gerug hoor, halveer dit, halveer dit weer, en bly stil oor die res. "

Kwaadwilligheid teenoor sendelinge

Spurgeon skryf: "Hoe meer prominent jy in diens van Christus is, hoe meer kan jy daarvan seker wees dat jy aan die ontvangkant van skindertonge sal wees. Ek het lank gelede al van my karakter afskeid geneem. Ek het dit al vroeg in my bediening verloor, deur net 'n bietjie yweriger te wees as waarmee ons sluimerende eeu gemaklik is.

En ek kon dit nog nooit weer herwin nie, behalwe in die oë van Hom wat die aarde sal oordeel, en in die harte van diegene wat my vir my werk waardeer."

Tydens my navorsing vir 'The Greatest Century of Missions', was ek verstom oor hoe elkeen van die groot sendelinge van die verlede deur hulle tydgenote met die venynigste laster en verguising geteiken is. William Carey, Samuel Marsden, Hudson Taylor, David Livingstone en vele ander het die wreedste en kwaadwilligste aanvalle verduur – deur mense wat voorgee dat hulle Christene is.

George Whitfield, een van die grootste evangeliste van alle tye, en 'n sleutelfiguur in die Groot Evangeliese Ontwaking, is selfs uit die Church of England geskop – die kerk wat hy so getrou gedien het. Desnieteenstaande »

het dié kerk in Suid-Afrika sy kollege na George Whitfield vernoem.

Toe ek vir 'The Greatest Century of Reformation' navorsing gedoen het, was ek opnuut geskok deur die vyandigheid – nie slegs in die verlede nie, maar selfs tot op hede – teen sommige van die grootste Christelike hervormers wat deur God gebruik is om die kragtigste geestelike herlewing in die geskiedenis te bewerk. Een historikus het oor Johannes Calvyn opgemerk: "Oor geen beter man is daar ooit slegter berig nie; geen Christelike teoloog is só dikwels geminag, só gereeld aangeval nie."

'n Vals getuienis is enige oneerlike weergawe van gebeure, of enige onware stelling. Dit mag skinder wees, of dit mag vals inligting oor onsself wees, met die doel om te beïndruk…

Teoloë geteiken

Selfs Amerika se grootste teoloog, Jonathan Edwards, die man wat die nouste met die Groot Evangeliese Ontwaking geassosieer word, is deur sy eie kerk ontslaan op grond van skinderstories – wat later bely is deur die een wat valslik teen hom getuig het.

In sy afskeidstoespraak het Edwards hierdie raad gegee: *"…vermy twis. Twisgieriges sal altyd ongelukkig wees…kwaadpraters en dergelike dinge…* [druis] *lynreg teen die Christelike gesindheid in…"* Die Skrif vermaan ons: *"Moenie van mekaar kwaad praat nie, broers. Hy wat van sy broer kwaad praat of sy broer veroordeel, praat kwaad van die wet en veroordeel die wet."* Jak 4:11.

Charles Spurgeon was die teiken van venynige en beswadderende aanvalle deur die destydse Baptiste Unie. Nou is sy boeke die studieboeke van Baptistekolleges, en staan sy standbeeld voor die hoofkwartier van die Baptiste Unie.

Waarskuwing uit die Woord

Die Bybel waarsku ons *"…hartstog vreet 'n mens op."* Spr 14:30. *"Selfverheffing lei altyd tot twis."* Spr 13:10. Die Apostel Paulus waarsku teen *"'n sieklike beheptheid met twisvrae en met stryery oor woorde. Daaruit ontstaan afguns, twis, beledigings, gemene verdagmakery, voortdurende rusie…"* 1 Tim 6:4.

Die Woord van God is uitgesproke teen *"ligsinniges, elkeen wat altyd gereed was om onreg te doen…ook dié wat sommer mense tot oortreders verklaar het, strikke gespan het vir dié wat reg wou laat geskied, en onskuldige mense hulle reg ontneem het deur vals getuienis."* Jes 29:20-21.

In die laaste boek van die Bybel is daar 'n lys van agt kategorieë van mense wat nie in die Hemel sal kom nie: *"Maar dié wat bang en ontrou geword het, die losbandiges, moordenaars en onsedelikes, bedrieërs, en afgodsdienaars en al die leuenaars, hulle lot is die poel wat met vuur en swael brand, dit is die tweede dood."* Op 21:8.

Die sonde van swyg

'n Mens kan 'n ander ewe veel te na kom deur te swyg as deur te skinder – deur nie vir hom op te kom nie, al weet jy goed dat hy vals beskuldig is.

"Jy mag nie vals getuienis gee nie," beteken dat ons nie mag toesien, dit oorweeg, aandag gee aan, of luister na vals getuienis nie. Dit kan egter ook beteken dat jy moet praat wanneer jy moet. Hierdie gebod verbied nie slegs die aanhoor van vals getuienis nie, dit verbied ons ook om enigiets met vals getuienis te doen te hê. Jy mag nie iets versin, of aandag gee aan, of tob oor, of vals getuienis versprei nie. Ons mag nie vals getuienis gee óf ontvang nie.

Foutvindery

Die Negende Gebod verbied ons om vals getuienis in ons gedagtes, of hart, of op ons lippe te hê. Dit is 'n oortreding van die gebod om ons denke met oordrewe-, of vermeende idees van 'n ander se foute te besoedel.

Vals getuienis is enige oneerlike weergawe van gebeure, of enige vals stelling. Dit mag skinderstories wees, of kwaadpraat, of dit mag oneerlike inligting oor onsself wees, met die doel om ander te beïndruk. Dit sluit oneerlike of verdraaide verskonings in wat saamgeflans word om ons uit die moeilikheid uit te hou, of om skande te ontwyk.

Die sonde van vleiery

Onrealistiese vleiery is ook 'n leuen en is skadelik, omdat dit die ander persoon 'n valse siening van homself kan gee en hoogmoed tot gevolg kan hê. Baie ouers benadeel hulle kinders met ongegronde vleiery. Leuens bedroef die Heilige Gees. Dit vernietig ook vertroue. Die persoon aan wie 'n leuen vertel word, voel verraai omdat die een wat hy as betroubaar beskou en gerespekteer het,

Jy mag nie VALS GETUIENIS teen 'n ander gee nie

hom nou in sy vertroue geskok het. Oneerlike stellings is ook 'n vyandige daad. Elke leuen is 'n afbrekende aanslag op iemand se karakter. Leuens verstomp die gewete tot ongevoeligheid, en beskadig en vernietig uiteindelik persoonlike integriteit.

Wat motiveer vals getuienis?

Elke leuen behels sondes, en veroorsaak ook ander. Daar is gewoonlik 'n sondige dryfveer vir leuens. Hoogmoed en arrogansie is die onderbou van grootpraterige leuens. Lafhartigheid lê agter oneerlike verskonings. Haat, kwaadwilligheid en afguns lê agter wraakgierige geskinder. 'n Leuenaar wat probeer voorgee dat hy 'n Christen is wat met die Here wandel, is ook aan skynheiligheid skuldig. Sommige mense lieg en oordryf vir die vertoon, en om aandag te trek. Ander lieg om argumente te wen en guns te bekom.

Een van die algemeenste leuens waaraan jy dalk skuldig mag wees, sluit kreatiewe verskonings in. Wanneer ons 'n baie dom ding aangevang het, is die versoeking daar om die waarheid net so 'n bietjie aan te pas, of om na te laat om te doen wat nodig is.

Geestelike bedrog

'n Ander baie algemene en ernstige wyse waarop Christene dikwels leuens vertel, is deur geestelike leiding en seëninge te oordryf en voor te gee dat hulle 'n dieper wandel met God het as wat wel die geval is. Dit sluit die ydele gebruik van God se Naam in. Christene sal dikwels sê: "Die Here het vir my gesê…" en "Die Here het vir my gesê om vir jou te sê…" of "Ek bid nog daaroor…".

Baie wat in byeenkomste as getuienisse, aanbidding en voorbidding deurgaan, is eintlik maar 'n oortreding van die Derde en Negende Gebooie.

Ananias en Saffira

'n Uitstekende voorbeeld hiervan in die vroeë Kerk, is die verhaal van Ananias en Saffira: *"Maar daar was ook 'n sekere man, Ananias, en sy vrou, Saffira, wat 'n eiendom verkoop het. Met die medewete van sy vrou het hy van die verkoopprys vir hulleself agtergehou en net 'n gedeelte daarvan gebring en vir die apostels gegee. Petrus sê toe vir hom: 'Ananias, hoekom het jy jou deur die Satan laat omhaal om vir die Heilige Geeste te lieg en van die verkoopprys van die grond vir jouself agter te hou? Die grond was mos joune, en toe dit verkoop is, kon jy met die geld gemaak het wat jy wou. Wat het jou besiel om dit te doen? Jy het nie vir mense gelieg nie maar vir God.' Toe Ananias dit hoor, het hy dood neergeval; en al die ander wat dit gehoor het, het baie bang geword."* Hand 5:1-5.

Om die Skrif te verdraai

Hierdie gedeelte is 'n duidelike waarskuwing oor die gevolge daarvan om vir God te jok. Soos die Apostel Petrus gesê het: Dit was hulle grond, en nadat dit verkoop is, was dit hulle geld. Dit gaan nie oor die grond of die geld nie. Dit gaan oor Ananias en Saffira se bedrog en oneerlikheid, oor die feit dat hulle voorgegee het dat hulle méér gedoen het as wat hulle werklik gedoen het.

As ons weier om na skinderstories te luister of om dit te versprei, sal die vernietigende afwaartse spiraal verbreek word. "Die woorde van die regverdige is soos 'n fontein van lewe." Spr 10:11

Ter wille van die lof van mense, het hulle openlik voorgegee dat hulle die volle som geld vir die Here gegee het. Dit benadruk net hoe belangrik integriteit en eerlikheid is.

Die vernietiging van reputasies

Laster is die kwaadwilligste manier waarop die Negende Gebod oortree word. Om iemand kwaadwillig te beskuldig, is vernietigend. Om opsetlik oor iemand anders leuens te versprei, is om sy hele reputasie te vernietig – in die gemeenskap, in sy werkplek, of in die kerk.

Om voort te borduur oor iets van 'n ander waarvan jy nie hou nie, of deur 'n tekortkoming van sy karakter aan die groot klok te hang, kan jy sy vriende en kollegas maklik van hom vervreem. *" 'n Leuenaar haat dié wat hy seermaak; 'n vleier bewerk 'n ander se ondergang."* Spr 26:28.

Kan jy die ander kant insien?

Elke keer wanneer tsaar Petrus die Grote van Rusland iemand gehoor het wat 'n ander swartgesmeer het, het hy só daarop rea-geer: "O ja, maar is daar dan niks goeds aan hom nie?" Die stigter van Campus Crusade for Christ, Bill Bright, het gesê: »

Jy mag nie VALS GETUIENIS teen 'n ander gee nie

"Mense stort nie rommel op groen grasperke nie". Vullis word gewoonlik op leë erwe vol klippe en gemors, sand en onkruid gestort.

Die vraag is: Is jy ontvanklik vir die storting van skinderstories? *"Moeilikheidmakers luister graag na kwaadwillige woorde. Leuenaars gee aandag aan bedrieglike idees."* Spr 17:4. *"Iemand wat loop en skinder, lap geheime uit; 'n betroubare mens bewaar 'n geheim."* Spr 11:13.

Kan jy vertrou word?

Die vraag is, kan jy met vertroulike inligting vertrou word en 'n geheim bewaar? Een goeie reël is om nooit iets oor iemand te sê, tensy jy dit nie eers self met hom bespreek het nie. As ons nie kan bewys dat iets gebeur het nie, het ons nie die reg op 'n mening oor die saak nie, en mag ons verseker nie vals daaroor getuig nie. Moet nooit onderskat tot watter uiterstes sondige mense kan gaan om ander se reputasies te vernietig nie – net sodat hulle in die proses belangrik kan voel nie.

"'n Nikswerd mens stook kwaad, wat hy sê, is soos 'n vernietigende vuur. Iemand wat leuens verkoop, sit rusie aan die gang. Iemand wat skinder, bring verwydering tussen vriende." Spr 16:27-28.

Harte sonder berou

Diegene wat skinder, ander belaster en geen berou toon nie, wys daarmee dat hulle 'n bose en onwedergebore hart het. Mense met só 'n hart, sal hulle ook nie bekeer wanneer hulle sondig nie.

Mense wat herhaaldelik, opsetlik en moedswillig laster en skinder, en dan geen berou het nie, bewys daarmee dat vrot vrugte uit 'n vrot hart kom. *"'n Dwaas se mond is sy ondergang. Met sy woorde stel hy vir homself 'n noodlottige strik."* Spr 18:7.

Vernietiging of herstel?

Een van die maniere waarop 'n mens tussen 'n dwaas en 'n wyse man kan onderskei, is die manier waarop hulle praat. 'n Godvresende man sal sy broer probeer oorhaal en opbou deur hom met sy sonde te konfronteer. Die sondige man, daarenteen, sal poog om sy slagoffer te vernietig, deur afbrekend oor hom met ander te praat. *"Wyse mense versamel kennis. Dwase se gebabbel bring spoedig teëspoed."* Spr 10:14

As mense met 'n skinderstorie na jou toe kom, moet jy hulle vra: "Het jy met die betrokke individu persoonlik gepraat? Indien nie, wil ek dit nie hoor nie."

Help dit of maak dit seer?

Die vraag wat ons moet vra om te kan onderskei tussen 'n Godgegewe begeerte om te help en 'n Godsonterende begeerte om seer te maak, is: Help die negatiewe inligting die een wat beskuldig word, of berokken dit hom skade?

As mense met 'n skinderstorie na jou toe kom, moet jy hulle vra: "Het jy met die betrokke individu persoonlik gepraat? Indien nie, wil ek dit nie hoor nie. Dit het niks met my te make nie. Ek beveel aan dat jy direk met hierdie persoon gaan praat."

Verbreek die kringloop

As ons weier om na skinderstories te luister, of dit verder te versprei, sal die vernietigende afwaartse spiraal verbreek word. *"Die woorde van die regverdige is soos 'n fontein van lewe"* Spr 10:11. ■

DR. PETER HAMMOND *het sending na Mosambiek, Angola en Soedan bevorder. Hy is die outeur van 'The Ten Commandments – God's Perfect Law of Liberty'. Tel: 021 689 4480; of www.frontline.org.za*